
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKSE

## NO. 3. WRAAK IS MYNE



*braam le roux*

Arno hoor die geroep om hulp. Hy aarsel nie langer. Behendig stuur hy sy boot langs die gestalte verby. Dan leun hy vinnig vooroor en gryp die persoon om die arms. Die persoon voel slap in sy hande en hy kan die gesig nog nie uitmaak nie. Hy voel ineens nat hare in sy gesig, en dan steun hy soos hy poog om die liggaam uit die water te lig. Skielik voel hy egter hoe twee hande hom om die nek vasgryp en oor die rand van die seilskip trek. Hierdie keer is dit Arno wat skree, want te laat besef hy dat hy in die see ingeruk word. Hy maak met die koue water kennis, en die hande het hom nog agter die kop beet. Arno slaan sy arms om die persoon sy lyf en skree, maar toe hy sy mond oopmaak, sluk hy die eerste soutwater. Hy hou sy asem op, maar dit voel vir hom of die persoon hom met opset al dieper en dieper die see intrek.



# Hoofstuk 1

Eldora Ehlers speel met haar tone in die warm sand. Dit is heerlik om vanmiddag hier op die strand te sit en uit te kyk oor die see, die immer bewegende see wat hier voor haar uitgestrek lê. Sy sien hoe die golwe daar diep in die see verrys en nader skuif na die wit sand toe. Die see lyk vanmiddag weer vir haar soos 'n reus wat asemhaal, koorsagtig asemhaal.

Tog is die see vanmiddag glad nie onrustig nie. Die branders breek mooi hier teen die rotse aan, en die blou golwe was nog nooit vir haar so heerlik nie. Netnou was sy lank in die water, alleen. Haar man, Arno, het op die strand bly sit. Hy is al 'n volle uur op die strand voor sy doek, en hy het haar nog nie 'n enkele woord toegevoeg nie. Hy lyk nors en hy staar haar net aan. Sy hou nie van daardie uitdrukking in die blou kykers van haar man nie. Sy sou sê hy is vanmiddag weer in een van daardie tipiese kunstenaarstemminge van hom. Hy praat nie, hy kyk net stip. Arno het haar liggaam netnou so dopgehou dat sy selfbewus geword het. Dit is nooit eintlik aangenaam om in sy teenwoordigheid te wees nie, maar vanmiddag is dit 'n inspanning vir haar om nie haar baaijapon aan te trek en na haar strandhuisie te stap nie.

Sy weet dat Arno haar afsku vir hom aanvoel, en sy gee nie eens meer om dat hy sien dat hy haar walg nie. Alles in hom stoot haar af ná ses maande van huwelikslewe. Nie dat sy hom ooit liefgehad het nie. Maar Arno Ehlers het baie geld. Hy is ryk. As sy haar effens omdraai, kan sy hulle groot dubbelverdiepinghuis daar op die koppie sien. Die geteerde pad slinger tussen die palmbome op na die huis. Ja, Arno is ryk. Hier aan die see besit Arno 'n plaas van vierhonderd morg. See-Sonder-End is voorwaar 'n lushof, en as rykdom 'n mens ten volle gelukkig kon maak, dan was Eldora baie gelukkig. Maar nou is sy nie. Sy haat dat Arno aan haar moet raak, sy walg vir sy liefkosings en sy vermy hom as sy kan. In die jongste tyd kom hy dit al hoe meer agter; dit is in die oog lopend. Maar dit is of sy nie omgee nie. Sy wens elke dag dat sy 'n einde daaraan kon maak.

Sy slaap nie meer in dieselfde kamer as hy nie. Al wat hulle in die afgelope tyd nog saam doen, is eet, drink en miskien tennis speel.

Die grootste gedeelte van die dag bring sy in haar strandhuisie deur wat Arno vir haar laat bou het toe hulle so pas hulle intrek hier op See-Sonder-End kom neem het. Toe kon sy nog maak asof sy hom liefhet, want die rykdom en die weelde het haar getrek. Sy het toe nog gedink dat sy alles het wat sy nog altyd as jong dogter begeer het.

Die strandhuisie lyk soos die swart rotse daaromheen. Dit is 'n stewig geboude huisie met 'n slaapkamer, sitkamer en badkamer. Die meubels daarin is smaakvol, net soos sy altyd van kindsbeen af begeer het.

Die strandhuisie tussen die gladde rotse is haar heiligdom. Arno kom selde saam met haar daarheen. Dit is asof hy weet dat hy nie daar welkom is nie. Die afgelope twee maande het hy nog nie weer sy voete daarin gesit nie. Daar in die huisie met die groot venster wat uitkyk oor die immer woelende see, kan sy heerlik droom en kan sy wens dat die dag gou moet aanbreek dat Arno Ehlers nie meer haar man is nie.

As sy verversings nodig het wanneer sy hier in die strandhuisie met haar drome verwyl, tel sy net die telefoon op en bel na die groot huis toe, na See-Sonder-End, en sy praat met die Sfinks, Pedro Toscani, haar Italiaanse lakei, breedgeskouerd en fris, wat haar op 'n afstand aanbid. Sy noem hom die Sfinks en hy hou daarvan. As sy hom terg, lag hy breed, en sy kan dan die begeerte en die passie in sy donker bruin oë lees. Alles wat sy nodig het, dra Pedro vir haar aan. Sy hou daarvan dat iemand haar so op 'n afstand moet aanbid. Sy weet dat Pedro die grond sal soen wat sy betree. En sy weet ook dat Pedro Arno as 'n mededinger beskou. Net soos sy, Eldora, hou Pedro Toscani nie van Arno se diere nie. Sy weet dat hy die hees pratende swart kraai en die jagluiperd haat, en soms weet sy dat Pedro hulle haat omdat hy hulle baas haat. Sy het al die uitdrukkings in die lakei se oë gesien wanneer hy Arno dophou. Ja, soms weet sy seker dat sy vir Arno haat en dat Pedro hom ook haat.

Dit is Pedro wat voorgestel het dat sy haar strandhuisie



Eldorado moet doop. Daarom staan die naam in goudletters op die deur. Eldorado, haar heiligdom.

En hoe beskerm Pedro haar nie! Dit is net hy wat weet dat Dolf Erasmus baie aande hier na haar strandhuisie kom, hier na Eldorado waar hulle saam in die geheim drome droom en hulle in die verbode sfeer van die liefde begewe. En tog bewaar haar Sfinks dit as haar geheim. Eers toe Arno nog kom kyk het waarom sy so laat in die strandhuisie bly, het Pedro haar dadelik van die huis af gebel om haar te waarsku. Dolf kon dan net uitglip in die nag en tussen die swart rotse vertoef. Arno het nog nooit agtergekom dat sy halfbroer, Dolf, geheime besoeke by Eldorado aflê nie. Pedro het tot dusver daarvoor gesorg.

Sy tel die fyn seesand in haar hand op en laat dit vinnig deur haar vingers glip. Sy kry ineens die gevoel dat Arno weer na haar kyk met daardie snaakse uitdrukking in sy blou kykers en die frons tussen sy oë.

Sy kyk vinnig op. En dit is so. Hy staar haar aan met daardie ou verwyt in sy blik. Die verfkwas is in sy hand. Die effense luggie stoot sy blonde hare skeef. Dit is daardie uitdrukking op sy gelaat wat haar selfbewus maak, en die oomblik daarna vererg sy haar. Daar is nie 'n houding of 'n gewoonte van Arno, die ryk kunskilder, wat sy kan verdra nie. Alles in Arno is vir haar aanstootlik. Tot sy kuns kan sy nie meer waardeer nie. Dit is meer natuurtonele wat hy op die doek vaslê nie, maar dit is verwronge gesigte—surrealisme noem die kunstenaars dit. Maar vir haar skep die skilderye net verwarde beelde, beelde wat haar soms afskrik.

Sy kyk reg in sy oë, sien die vog op sy breë lippe, sy skerp gelaatstrekke, altyd skoongeskeer, nie soos die sommerso kunstenaars wat sy vroeër geken het nie.

Sy wil iets sê, sy wil hom beledig, maar dan bedink sy haar. Dit is tog haar man, nie omdat sy hom ooit liefgehad het nie, maar omdat hy aan haar weelde besorg het, omdat hy hierdie hele plaas, met sy mooi huis, sy pragtige tuine, struike, die immense uitsig oor die see, die strandhuisie en nog soveel duisende rande in die bank vir haar sal nalaat wanneer hy die dag dood is. En dan gaan daar nog 'n paar duisend rand se assuransie na haar kant toe as hierdie wêreldbekende kunstenaar eendag doodgaan. 'n

Mens kan jou nie die woede van so 'n weldoener op die hals haal nie. Sy is soos 'n kind wat haar ouma haat, wat dit vervelend vind om met die oumens te praat, maar dit tog doen omdat sy weet dat sy die enigste erfgenaam is.

Hoeveel keer het Dolf haar nie gevra om tog met hom te trou nie.

'Skei die ou malkop, Eldora. Maak jou los van sy besittings.'

Maar sy is vasbeslote. Sy skud net altyd haar kop. Is Dolf so dom om te dink dat sy hierdie weelde, hierdie gevoel van ryk te wees, sal laat vaar, net vir hom, net om in sy arms te wees, altyd, en miskien op 'n dubbelbed in 'n ordinêre huisie in die stad te slaap? Nee . . . nee, nooit nie! Sy geniet die verbode liefdeservarings, maar sy sal wag totdat Arno eendag sterf...sterf!

Snaaks, sy dink aanhoudend aan die dag van sy dood. Hoeveel keer het sy nie al gedroom dat hy doodgaan nie. Die psigiater, Dr. Des van Hoon, ook een van haar bewonderaars en vriende, het eendag speel-speel een van hierdie drome van haar ontleed en toe laggend gesê:

'Jy kan dit nie vir my wegsteek nie, Eldora. Daar is een sterk begeerte in jou onbewuste en dit is dat Arno moet sterf.'

Sy het net stil geglimlag, want sy het geweet dat Des van Hoon verkeerd is. Sy wens nie net onbewus dat Arno moet doodgaan nie. Sy wens dit soms bewus. Eers het sy daardie duister begeertes van haar weggestoot, maar deesdae maak dit haar nie meer bang nie. Sy oorpeins en wens Arno se dood wanneer sy wil.

Arno kyk nog steeds na haar. Hoekom kyk hy so? Daar is begeerte in sy oë, maar ook vertwyfeling, verwyt. Sy weet te goed hoe Arno hunker om weer een romantiese aand saam met haar deur te bring, maar dit is vir haar so heerlik om hom so te sien ly. Sy kan nou sien dat sy emosies op hierdie oomblik 'n warboel van botsende teenstrydighede is. Hy begeer en tog wil hy verwyt.

'Eldora,' praat hy eindelik, maar die noem van haar naam klink soos 'n versugting, so asof dit hom pyn veroorsaak om die klank oor sy lippe te stoot.

Sy probeer glimlag en kry dit nogal reg. Sy was mos toneelspeelster toe Arno haar ontmoet het.

'Ja, Arno?'

Hy soek na woorde en hy lek oor sy lippe. Hy sukkel om die



vraag uit te kry.

'Eldora, waarom . . . waarom stel jy nie meer belang in my werk nie?'

Daar kom die verwyte! Sy voel lus om haastig op te staan en weg te stap na haar strandhuisie toe, maar sy bedwing haar.

'Ag, Arno, ek hou van die plastiek in die kuns . . . iets wat mens kan verstaan en interpreteer, nie hierdie nuwe mode wat jy navolg nie. Jy weet wat Des gesê het van hierdie nuwe kunsuiting.'

Sy moes dit nie gesê het nie. Hy vertrek sy gesig.

'Des is 'n sielkundige en Des hou nie van my nie. Daarom sê hy dat hierdie kunsrigting sieklik is, dat dit 'n simptoom van die kunstenaar se abnormale brein is. Maar, ba, ek steur my nie aan hom nie! Hy is ook die man wat beweer dat ek aan 'n vervolgingswaan ly.'

Sy kom nou orent. Sy gaan staan agter hom en hou sy skouers vas. Haar oë val op die doek en dit is of daar 'n ligte skok deur haar vaar. Daar is 'n vrou op die doek. Haar kop is half agteroor gedruk, haar oë half toe en haar mond net-net op 'n skrefie oop. Daar straal passie uit die beeld van die doek. Dit suggereer net een woord: Verleiding! Die vrou het donkerrooi hare, soos sy, Eldora, en sy het blou oë, soos sy. Dit tref haar soos 'n slag. Die vrou lyk na haar—ja, byna op 'n druppel water.

'Dit . . . dit is wonderlik!' roep sy ineens spontaan uit. 'Wat . . . wat stel dit voor?'

Hy staar voor hom uit.

'Ek noem dit 'Die Ontroue Vroue.'

Sy lig haar hande van sy skouers af op en staan terug. Sy trek haar asem diep in.

'Het . . . het jy bedoel om my gelaatstrekke op daardie doek vas te lê, Arno?' vra sy langsaam.

Hy gee 'n snorkgeluid.

Nou draai hy na haar toe om, maar hy glimlag nie. Hy staan op en tel sy stoeltjie van die sand af op.

'Lyk dit soos jy? Wel, dit . . . dit was nie so bedoel nie. Dit is maar blote toeval, Eldora . . . Ek glo nog lank nie dat jy 'n koket is nie.'

Hy stap hier by haar verby. Sy woorde bevat sarkasme. Sy staan met haar hande in haar sye. Hy keer sy rug op haar en loop in die rigting van die groot huis, See-Sonder-End. Sy staar hom 'n

rukkie agterna, die lang, maer figuur met sy baie hare en sy smal gesiggie. Sy skouers hang effens. Hy het die esel en die stoel in die een hand en die skildery in die ander. Sy sien hoe hy om die draai agter die palmbome verdwyn. Dan byt sy op haar lippe en stap haastig na haar strandhuisie toe.

Nou weet sy, vir die eerste keer, dat Arno haar verdink...

Arno stap vinnig toe hy om die draai agter die palmbome in verdwyn. Hy kan die gevoelens binne-in hom nie meer ontleed nie. Hy weet al lankal dat Eldora met wrewel teenoor hom vervul is. Hy het al gesien hoe wonderlik en sjarmant sy kan wees wanneer haar vriende, Des van Hoon en Con Cronjé, hier is. Hy weet dat sy baie van sy halfbroer, Dolf Erasmus, hou. Sy het altyd 'n voorliefde vir hom gehad.

Arno het in die afgelope tyd 'n snaakse gevoel binne-in hom. Miskien sal ander dit 'n abnormale gevoel, 'n vervolgingswaansin, noem, maar hy weet dat hy nie verniet onrustig voel nie. Daar is iets aan die gang in hierdie huis, iets baie snaaks. Pedro luister nie meer as hy hom 'n opdrag gee nie, en soos die man hom soms kan aanstaar! Daardie swart ogies begin vir Arno bang maak.

Hy het al die gedagte gekry dat Eldora planne beraam om hom uit die weg te ruim. Hy begin deesdae agterdogtig raak, en miskien is dit waarom Des van Hoon meen dat hy aan 'n vorm van vervolgingswaan ly. Hy het 'n fout begaan om met hierdie agterdogtigheid van hom na Des te gaan. Die psigiater het hom snaaks aangekyk en aan hom gesê dat hy aan 'n ongesonde geestestoestand ly. Blykbaar het hy dit al weer ewe gou aan Eldora kom vertel . . . dat hy, Arno, soms dink . . . soms die skielike vrees kry, dat sy vrou hom van hierdie aarde wil verwyder.

'n Week gelede was hy reeds twintig tree die see in met sy seilboot toe die ding erg begin lek. Hy kon net betyds terugdraai. Hy het die boot ondersoek en gemerk dat iemand twee groot gate in die voorstewe geboor het. Wie anders kon dit wees as 'n persoon wat hom, Arno, uit die weg wil ruim? Arno het met niemand daaroor gepraat nie, maar hy het met 'n vrees in sy hart rondgeloop en nagte nie geslaap nie. Dit is in daardie tyd dat hy agtergekom het dat Eldora saans laat inkom van die strandhuisie af. Dit is ook die afgelope week dat Pedro hom soos 'n valk



dophou. In die groot huis, wanneer hy die trappe oploop, staan Pedro onder vir hom en kyk en hou elke beweging van hom dop.

Eergisteraand het hy hier by die sitkamervenster uitgeloer. Hy het so eensaam gevoel. Hy het die ruising van die see beluister, die donderende geklots van die branders teen die swart rotse. Van die sitkamervenster af het hy die lig in die strandhuisie sien brand en later het hy sy verkyker gaan haal en die verligte strandhuis dopgehou. Dit was toe dat hy die skaduwee van 'n man voor die venster sien verbybeweeg het.

'n Verskriklike woede het hom beetgepak. Hy het die haelgeweer in sy studeerkamer opgeraap, maar Pedro het hom by die deur voorgekeer. Die Italianer se gesig was verwronge en hy het op sy lippe gebyt. Hy het die geweer ru uit Arno se hande geruk asof hy presies geweet het wat sy plan was.

Arno was stom van woede, maar hy het omgeswaai en na sy studeerkamer gehardloop, soos 'n lafaard op die bed gaan neerval en toe begin drink . . . drink . . . totdat hy aan die slaap begin raak het.

En dit is van eergisteraand af dat hy intens begin verlang het om sy boesemvriend, Obed de Swart, weer te sien. Hulle was saam op universiteit. Obed met sy gespierde gestalte en sy glimlag waarvan al die meisies gehou het. Net nie Eldora nie. Eldora en Obed het nooit van mekaar gehou nie, en sedert hulle getroud is, het Obed nooit weer na hulle gekom nie. Obed het nooit iets teen Eldora gesê nie, maar hy het geweet dat Obed sy huwelik met Eldora Retief, die bekwame verhoogkunstenares, nie goedkeur nie. En hy weet hoekom Eldora nie van Obed gehou het nie. Obed de Swart was die enigste man wat Eldora se skoonheid nooit bewonder het nie. Almal het om Eldora gedraai, almal het haar gevlei, maar net nie Obed nie. Eldora se soepele liggaam, haar grasieuse bewegings en haar betowerende glimlag, haar blank vel, haar gesonde verstand het geen indruk op Obed gemaak nie. Haar bonatuurlike skoonheid kon hom nooit trek nie. Daarom het sy nie van Obed gehou nie. Sy was daaraan gewoond dat mans voor haar moet kniel en om haar guns moet smeek.

Ja, hy verlang om Obed te sien, om aan hom van sy moeilikheid te vertel, sy vrees dat Eldora planne beraam om hom uit die weg te ruim. Obed sal nie vir hom lag nie, al dink hy dat hy, Arno, sieklike,

abnormale gedagtes koester. Hy wil Obed alles vertel. Miskien kan 'n ou vriend hom raad gee.

Arno was nog altyd iemand wat teruggedeins het vir liggaamlike geweld. As hy die krag gehad het, sou hy Pedro daardie aand voor die deur weggeboender het, maar vir fisiese geweld deins hy terug. Hy het daardie aand vir die eerste keer in sy lewe lus gevoel om moord te pleeg, hy, Arno, wat nooit eers 'n hoender se keel kon afsny nie.

Arno gooi die voordeur oop en dan hardloop hy teen die trappies op na sy studeerkamer. Toe hy op die boonste trappie kom, kyk hy terug . . . en daar staan Pedro by die eerste treetjie en staar hom agterna soos hy hom altyd agterna staar.

Hy ontsluit sy studeerkamer, maak die deur weer agter hom toe en gaan sit agter sy lessenaar. Hy tuur minute lank deur die venster na die see en na die eiland waar hy altyd gaan hengel. Hy het die eiland 'n naam gegee... Meeu-eiland. Aan die begin het hy en Eldora selfs in die aande soontoe gegaan. Dit is 'n halfuur se reis van die strand af. Maar in die afgelope tyd gaan hy alleen. Soms gaan sy kraai, Kerneels, darem saam. Kerneels met sy hees oumanstem, en Ratau, sy jagluiperd. Hy weet dat Eldora nie van Kerneels hou nie. Hy weet dat Pedro ook nie van Kerneels hou nie. Wanneer hy hom in of by die huis sien, verwilder hy hom of steek hom onder die klippe. Dit maak Arno blind van woede. Sy diere is die enigste vriende wat hy nog hier op See-Sonder-End het, Kerneels, sy pratende swart kraai, en Ratau, sy jagluiperd. Hulle is albei hondmak en was soos mense in die huis voordat Eldora en Pedro kom oorneem het. Die jagluiperd is nou merendeels in die ysterhok, waar Eldora of Pedro dit nie naby kan waag nie. Die luiperd het 'n soort renons in hulle twee en hy eet alleen sy rou vleis as Arno dit aan hom gee. En die swart kraai? Hy vlieg maar altyd hier deur die studeerkamervenster en kom vra dan kos. Arno bêre vir hom hier spesiaal grondboontjies en gekerfde biltong. Hoe smul ou Kerneels nie aan die vleisies as Eldora en Pedro nie naby is nie!

Arno skuif weer agter sy lessenaar uit. Hy het Pedro hier by sy deur hoor verbyloop. Arno sluit nou die deur en dan gaan hy weer terug na sy lessenaar en skuif sy skryfblok nader. Hy dink eers 'n rukkie na en dan begin hy skryf:



*Beste Obed,*

*Ek skryf aan jou omdat ek jou deesdae skielik mis. Jy kom nie meer op See-Sonder-End, en intussen het ek so baie om jou te vertel.*

*Alles gaan nie so voor die wind met my nie, Obed. My rykdomme wat ek geërf het, en die geld wat ek met my surrealistiese kuns verdien het, is nie meer in staat om my geluk te verskaf nie. Ek dink deesdae baie aan jou lewensfilosofie, Obed. Jy het altyd beweer dat mens se verhouding met die skonere geslag geen gevaar vir mens inhou nie, mits jy jou nie lewenslank aan hulle bind nie. Ek dink ek weet nou wat jy daarmee bedoel het. Ja, jy maak die regte afleiding as jy dink dat alles nie pluis is met my en Eldora nie. Niks is pluis nie. Ek is 'n vreemdeling in my eie huis. Ons slaap maande reeds nie meer bymekaar nie, nie eens in dieselfde kamer nie.*

*Vandag is ek eers oortuig daarvan dat Eldora my net om my geld getrou het, Obed, en andermaal dink ek aan 'n stukkie van jou filosofie, ou broer. Dit is jy wat gesê het dat 'n ryk jongman 'n groter risiko loop wanneer hy trou, as 'n arm man, want, het jy gesê, 'n arm man weet dat hy dalk iemand kry wat hom liefhet, maar die ryke is nooit seker daarvan nie. Dit is dié wat jy ongetroud gebly het, Obed. Ek wens vanmiddag dat ek nooit vir Eldora ontmoet het nie.*

*Wanneer ek te sterwe kom, Obed, dan erf Eldora al my besittings, en 'n Vier-en-Twintig rand aan assuransie val haar onmiddellik toe. Dit is daaroor dat Eldora my nog verdra, omdat sy weet dat solank sy by my bly, sy ryk sal wees en ryk sal sterf.*

*Obed, ek hoop nie jy sal soos ander sê dat ek abnormaal is nie, dat ek aan 'n soort hallusinasie ly nie, maar deesdae leef ek in die verskriklike vrees dat iemand 'n aanslag op my lewe gaan doen. Dit voel vir my of alle dinge om my my vyandig aanstaar. Ek weet dat Eldora my nie liefhet nie, en ek het baie dae al gedink dat sy iemand anders bemin. En toe het ek eergisteraand die silhoeët van 'n man in haar kamer gesien. Maar hulle sê, Obed, dat as jy kranksinnig is, jy dinge sien wat nie bestaan nie, aan sinsbedrog ly. As daardie man nie daar in haar strandhuisie saam met haar was nie, wil ek beken dat ek besig is om kranksinnig te word. Ek glo egter nie dit is 'n vergissing nie. Ek beken dat ek deesdae geestelik sieklik voel. Natuurlik kan ek snags nie slaap nie. Ek vrees al dat iemand my sal kom doodmaak. En wie sal my doodmaak?*

*Natuurlik is dit Eldora . . . Miskien bedink sy my dood nog met die lakei se hulp. Is dit 'n vervolgingswaan, ou boetie! Nee, ek glo nie, hoewel Eldora se psigiatervriend oortuig daarvan sou wees dat dit waandenkbeelde is.*

*Ja, Obed, ek glo dat Eldora nog gaan poog om my te vermoor. Sy sal nie*